

IN DIE BELASTINGHOF, BLOEMFONTEIN

Saak Nr: 11261

WJ FOURIE BELEGGINGS BK

Appellant

en

**DIE KOMMISSARIS VAN DIE
SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS**

Respondent

UITSPRAAK:

KRUGER, R en ASSESSORE

AANGEHOOR OP:

27 JULIE 2005

GELEWER OP:

11 AUGUSTUS 2005

AGTERGROND

[1] Die appellant is die eienaar van die Elgro Hotel in Potchefstroom.

[2] Op 4 April 2001 het Naschem, 'n afdeling van Denel (Edms) Bpk, 'n bespreking by die appellant gemaak vir die akkommodasie van en voorsiening van drie maaltye per

dag aan sekere “studente” van Naschem vanaf 1 April 2001 vir wisselende tydperke. Agt-en-dertig studente sou bly tot 31 Mei 2003, twaalf studente sou bly tot 6 Mei 2001, sewentien sou bly tot 31 Augustus 2001, agtien sou bly tot 31 Augustus 2001 en vyf offisiere sou bly tot 31 Augustus 2001. Die totale waarde van die kontrak was R8 791 913,70. Die studente wat in die hotel tuisgegaan het was afkomstig uit die Emirate. Om ‘n rede wat Naschem nie weet nie het hulle kort na die gebeure van 11 September 2001 almal uitgetrek. Die studente was nie bereid om terug te gaan na die hotel nie. Die appellant het hierdie optrede as ‘n kansellasië en kontrakbreuk beskou. Die partye het egter besluit om die geskil buite die hof te skik en op 6 Desember 2001 het hulle ooreengekom dat Naschem ‘n bedrag van R1 292 760,00 aan appellant sou betaal as volle en finale vereffening van die eise wat appellant teen Naschem sou hê.

[3] Die appellant het ‘n opgawe van inkomste vergesel van finansiële state vir die jaar van aanslag geëindig 28 Februarie 2002 ingedien waarin hy die ontvangs van die voornoemde bedrag aangedui het as ‘n “abnormale item” en van ‘n kapitale aard.

[4] Die Kommissaris was egter van mening dat die bedrag van 'n inkomste-aard was en het dit by die appellant se belasbare inkomste vir daardie jaar ingesluit en die appellant op dié basis vir normale belasting aangeslaan.

[5] Teen daardie aanslag het die appellant beswaar gemaak, wat deur die Kommissaris verwerp is, en uiteindelik na hierdie Hof op appèl gebring is.

DIE GESKILPUNT

[6] Die geskil wentel om die aard van die bedrag van R1 292 760,00 wat deur Naschem aan appellant betaal is, en wel die vraag of dié bedrag 'n ontvangste of toevalling van 'n kapitale aard was, ooreenkomstig die betekenis van dié uitdrukking in die woordskrywing van "bruto inkomste" in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet, Nr. 58 van 1962, al dan nie.

DIE GETUIENIS

[7] Namens appellant het twee getuies getuig, Mev. Gerber en Mnr. Fourie. Mev. Gerber was gedurende Desember 2001 'n regsadviseur van Naschem wat 'n divisie van Denel was. Sy was 'n lid van die bestuurskomitee van Naschem. Sy dra kennis van die ooreenkoms wat op 6 Desember 2001 aangegaan is. Sy was betrokke by die opstel daarvan en as getuie. Haar getuienis was dat Naschem besef het dat hulle die aangeleentheid moet skik om uit die hof uit te bly want Mnr. Fourie van die Elgro Hotel het hulle baie gehelp met akkommodasie en hulle wou nie toekomstige samewerking verongeluk nie. Aanvanklik het Naschem se finansiële bestuur 'n bedrag uitgewerk van R600 000,00 wat aangebied is aan Fourie. Dit was nie vir hom aanvaarbaar nie en uiteindelik is op 'n bedrag van nagenoeg R1.2 miljoen soos in die ooreenkoms vervat, ooreengekom. Sy weet nie hoe dit saamgestel is nie. In die ooreenkoms bepaal klousule 2, as volg:

“Afstanddoening van Regte:

As teenprestasie vir die betaling van bogenoemde skikkingsbedrag,
 onderneem ELGRO HOTEL om:

- 2.1 alle regte wat hy mag hê op skadevergoeding te
 abandoneer, en
- 2.2 enige hangende- of beoogde hofaksies teen NASCHEM te laat vaar.”

Mev. Gerber het ook getuig dat die hotel op daardie stadium ongeveer vir twee derdes beset was deur persone afkomstig van Arabiese state en dra sy ook kennis daarvan dat diegene wat wel daar gebly het ernstige skade berokken het aan die hotel. In kruisondervraging is die vraag aan haar gestel: “Hoe abandoneer ‘n mens ‘n reg op skadevergoeding as jy dit uitoefen?” Waarop sy geantwoord het dat die bedoeling van die hele dokument was om ‘n skikking te bewerkstellig. Soos sy dit gestel het, “dit was om hom van ons nekke af te kry”. Mev. Gerber het getuig dat haar opdrag was om die bedrag wat Naschem sou betaal so laag as moontlik te hou. Sy getuig ook dat Naschem nie homself wou blootstel aan ‘n hofsaak nie. Sy was bewus daarvan dat Mnr. Fourie ‘n eis vir nagenoeg R4 miljoen sou kon instel maar hulle wou sy goedgesindheid behou.

- [8] Die volgende getuie vir appellant was Mnr. Willem Jacobus Fourie. Hy is die enigste lid van die appellant beslote korporasie wat in die hotelbedryf is en die Elgro Hotel, Potchefstroom bedryf. Hy sê dat daar verskeie voorwaardes was voordat hierdie kontrak vir die akkommodasie van die studente gesluit kon word, naamlik dat daar 1 persoon per dubbelkamer moes wees, die matte moes vervang word, yskaste moes ingebring word, daar moes spesiale eenhede wees waar gebed uitgeoefen kon word, daar was ekstra waterbekers nodig, die kamers is opgegradeer, hulle het 'n aparte eetkamer gehad, hy moes spesiale personeel aanstel en spesiale spyseniers verkry wat hy gekry het van Pakistan en van die Libanon. (Dit is egter opvallend dat hierdie uitgawe nie blyk uit die finansiële state nie.) Daar was 'n aparte kombuis waar net hulle voedsel voorberei is en waar ander voedsel nie voorberei kon word nie. Hy het daardie personeel betaal en ook hulle vliegkaartjies betaal. Op daardie stadium was die Elgro Hotel die enigste hotel op Potchefstroom met spesiale toerusting en wat op daardie stadium redelike

fasiliteite gehad het. Hulle kon 25 konferensies per week aanbied want daar was nagenoeg 9 konferensie lokale wat gebruik kon word. Hulle het ook baie sportgroepe ontvang. Sewentig persent van die hotel was op daardie stadium geokkupeer deur studente van Naschem. Omdat hulle al die dubbelkamers gebruik het was daar slegs enkelkamers oor vir ander gebruik. Hy het ook getuig dat na die gebeure van 11 September 2001 het die studente, om 'n rede wat nie vir hom verduidelik is nie, uit die hotel uitgetrek. Dit het oornag gebeur. Hy was geskok, daar was R4,7 miljoen uitstaande op die kontrak. Hy sê die kamers was baie verniel. Die studente het pype gerook in die kamers, die matre was gebrand, die matrasse het gate in gehad. Hy sê die kamers was verwoes. Hulle moes begin herstel. Hy het geraam dat die herstelkoste nagenoeg R1,2 miljoen was. Die rede waarom hy die aangeleentheid geskik het was omdat hy so gou moontlik geld wou inkry om weer met sy besigheid te kan voortgaan. Hy het op daardie stadium oorweeg om die kontrak te verkoop ten einde inkomste in te kry.

[9] Onder kruisondervraging het Fourie getuig dat die studente gekom en gaan het. Daar was tot 78 studente op 'n keer, maar hy het nie soveel studente vir twee jaar elke dag gehad nie. Vir die hele tydperk sou daar slegs 38 studente bly en offisiere het van tyd tot tyd daar kom inwoon. Hy is gevra of hy nie die skade wat die studente aan die kamers berokken het opgemerk het voordat hulle uitgetrek het waarop hy positief geantwoord het maar gesê het dat as die kontrak sy hele loop geneem het en tot die einde gegaan het sou die hotel daardie kostes kon absorbeer. Betreffende die skade wat die studente berokken het, het Mnr. Fourie gesê dat hulle stofies ingebring het, dekens gebrand het, meubels gebrand het, matrasse het gate ingehad, en die matte was totaal verwoes. Toe die studente ingetrek het aan die einde 1999 was veranderings aangebring.

[10] Dit is aan Mnr. Fourie gestel dat die syfers wat hy aan die Ontvanger van Inkomste getoon het in sy belastingopgawes, nie die prentjie bewys wat hy skets nie; nòg die uitgawes, nòg die inkomste. Ter staving hiervan het Mnr. Stevens bewysstuk "A" ingehandig wat die omset, uitgawes en herstelkoste van die appellant toon vir die jare vanaf 1998 tot 2004. Uit daardie state sien 'n mens 'n redelike konstante prentjie met nie groot wisselings nie. Veral merk 'n mens nie in die tydperk van die 2002 belastingjaar, waarin hierdie uitgawes vermeld sou moes word, abnormale hoë uitgawes nie. Trouens, as 'n mens die uitgawes vergelyk van 2002 met dié van 2001 dan sien 'n mens dat die uitgawes geëis vir die belastingjaar 2002, waarin die periode val waarin die studente gebly het, die herstelkoste die bedrag van R484 735,00 was, terwyl die voorafgaande jaar s'n R436 267,00 was. Dus 'n verskil van nagenoeg R50 000,00. Mnr. Stevens het aan Mnr. Fourie gestel dat al addisionele skade wat die studente berokken het die bedrag van R50 000,00 was waarmee Mnr. Fourie nie saamgestem het nie. Hy kon egter nie verduidelik waar die bedrag van R1,2 miljoen gespandeer is aan herstelkoste soos wat hy beweer het en gesê het dat dit oor 'n tydperk gedoen is. Ook wat die inkomste betref toon die state nie die dramatiese val in inkomste soos wat Fourie getuig nie. Die inkomste vir die belastingjaar 2001 was R9 444 386,00 en vir die 2002

belastingjaar R8 060 933,00. Nie 'n groot dramatiese val nie.

[11] Mnr. Fourie het getuig dat hy die skikkingsbedrag aanvaar het as gevolg van die druk wat hy gehad om die plek aan die gang te kry. In herondervraging het Mnr. Fourie verduidelik hoe die skikkingsbedrag saamgestel was. Hy sê dit was die bedrag van R1,1 miljoen plus BTW daarop plus 'n bedrag van R34 000,00 professionele koste daarby. Die professionele koste was vir regs-koste en die opstel van kontrakte. Hy getuig dat hy nie sou kon oorleef as hy nie die skikking aanvaar het nie. Omdat hierdie getuienis nuwe getuienis was wat in herondervraging vir die eerste keer opgeduik het, is verdere kruisondervraging toegelaat. In verdere kruisondervraging is aan hom gestel dat hy nie die verklaring wil gee van hoe die skikkingsbedrag saamgestel is omdat dit sy saak skade sal doen. Hierop antwoord Mnr. Fourie dat die geld gebruik is vir herstelkoste om die besigheid se deure oop te hou en omdat hy nie seker weet hoe die bedrag van R1,1 miljoen saamgestel is nie. Op 'n vraag van assessor, Mnr. Koch of ander besoekers nie vir addisionele inkomste gesorg het nie het Fourie nie 'n

duidelike reguit antwoord verstrek nie. In vrae deur assessor, Mnr. Smit, is uitgewys dat uit die state blyk dat die hotel behoort aan Bultfontein Eiendomme Beleggings (Edms) Bpk. Daar was in die jaar ook slegs kapitale toevoegings van R29 683,00. Uit vrae van Mnr. Smit het geblyk dat Mnr. Fourie 2 lenings wat eintlik persoonlike lenings was, afbetaal het in die bedrag van nagenoeg R500 000,00 elk, gedurende die belastingjaar. In dié verband is hy verwys na bladsy 18 van die state waar die nie-bedryfslaste in 2001 as R1 377 251,00 getoon word terwyl dit in 2002 R872 156,00 was. Die bedryfslaste was in 2001, R1 674 555,00 en in 2002 R1 186 103,00. Daar was 'n vermindering van nagenoeg R1 miljoen op lenings wat afbetaal is in hierdie belastingjaar waarin hierdie groot verlies gely is. Geen verduideliking is hiervoor verstrek nie. Die bedrag huur betaal vir die jaar 2002 was aansienlik minder as vir die jaar 2001. In die jaar 2001 word die huurbedrag aangetoon as R523 471,00 terwyl dit vir die jaar 2002 R351 418,00 is wat aansienlik minder is. Dit is moeilik om hierdie feite te versoen met die appellant se

bewering dat groot uitgawes aangegaan is om die studente te akkomodeer. Fourie kon nie verduidelik waarom hierdie bedrag minder is nie en geen getuienis is aangebied om dit te probeer verduidelik nie. Dit het die getuienis afgesluit.

BEOORDELING VAN GETUIENIS

[12] Wat Mev. Gerber betref is sy 'n gekwalifiseerde prokureur wat betrokke was by die skikkingsonderhandelinge. Sy weet nie hoe die bedrag saamgestel is nie. Sy het eenvoudig die bedrag so laag moontlik probeer hou. Haar getuienis dat die bedrag betaal is ten einde nie hof toe te gaan nie is 'n regsokonklusie en die hof moet sy eie gevolgtrekking maak oor waarom die skikking aangegaan is. 'n Klousule soos klousule 2 is 'n standaard klousule wat in skikkingsooreenkomste aangetref word. Haar pogings om te probeer verduidelik dat dit die hele doel van die kontrak was kom neer op 'n oorneem van die funksie van die hof.

[13] Wat Mnr. Fourie betref was dit opvallend dat hy 'n baie vae kennis het van die syfers wat genoem is, en wat die kernsyfer betref waarop inderdaad geskik was, het hy aanvanklik nie geweet hoe hierdie bedrag saamgestel is nie. Dit is egter uit die geheel van sy getuienis duidelik dat hy hierdie bedrag aanvaar het ten einde met sy besigheid te kan voortgaan met ander woorde as die inkomste wat hy verdien het. Daar was nie 'n kwessie van enige kapitaalwerking wat daarmee gedoen is nie. Dit is duidelik dat daardie bedrag ook nie in die state blyk nie. Mnr. Fourie se antwoorde op verskeie vrae was ontwykend en sy getuienis was nie besonder hulpvaardig nie.

BETOOG	OP	DIE	FEITE	NAMENS	DIE
---------------	-----------	------------	--------------	---------------	------------

REGSVERTEENWOORDIGERS

[14] Mnr. Lewis wat namens die appellant verskyn het, het soos volg betoog:

- (i) By die aanvaarding van die bepalings van die skikkingsvoorwaarde, het appellant onderneem om nie skadevergoeding van Naschem te verhaal deur middel van 'n hofaksie nie, voortspruitend uit Naschem se repudiasie van die ooreenkoms.
- (ii) So 'n eis om skadevergoeding verteenwoordig een van die regte wat appellant besit in die beoefening van sy bedryf as hotelier.
- (iii) So 'n eis sou, onder andere, appellant se verlies aan toekomstige inkomste ingesluit het.
- (iv) Die betaling verteenwoordig die teenprestasie vir appellant se aanvaarding van die handelstremmende ooreenkoms, en is dus die ontvangs van 'n nie-belasbare, kapitale bedrag.

Mnr. Lewis vra dus dat die appèl toegestaan word omdat die aanslag verkeerd was en die toevalling nie van inkomste aard nie.

[15] Die submissies van Mnr. Stevens, wat namens die respondent verskyn het, is soos volg:

- (i) Die ooreenkoms van 6 Desember 2001 meld dat Naschem se kontrakbreuk “*ernstige finansiële verlies*” vir die appellant sou veroorsaak en dat die

appellant daarom 'n “regsgeldige eis vir skadevergoeding vir kontrakbreuk” teen Naschem sou hê. In nota 9 tot die finansiële state vir 2002 word onder die opskrif “*Abnormale Item*” weereens die volgende gesê: “*Skadevergoeding ontvang as gevolg van ernstige finansiële verlies veroorsaak deur kontrakbreuk*”. Geen melding word gemaak van enige skade aan die hotel nie.

- (ii) Die enigste logiese en afleibare gedokumenteerde verlies wat die appellant sou kon ly, sou 'n korttermyn inkomste-verlies wees as gevolg van die feit dat reeds bespreekte akkommodasie nie meer benut sou kon word deur Naschem nie. Dit word aanvaar dat 'n oornagse verlies van 'n groot groep hotelgaste 'n groot inkomsteverlies vir enige hotel sou wees, wat potensiele kliënte weggewys het omdat sy kamers beset sou wees deur (Naschem-) studente en –personeel.
- (iii) Die bedrag skadevergoeding blyk nie te wees vir moontlike fisiese beskadiging aan die besigheidstruktuur van die appellant nie. Volgens die inkomste- en uitgawestaat van die appellant op 28 Februarie 2002 het die appellant gedurende die jaar onder appèl R484 735,00 aan “*Reparasies*” spandeer en gedurende 2001, R436 267,00. Dit blyk dat herstelkoste van R300 000,00 – R400 000,00 per jaar 'n gereelde jaarlikse uitgawe van die appellant was.
- (iv) Wat wel uit die staat blyk, is dat die appellant gedurende 2002 'n omset van R8 060 933 gehad het teenoor R9 441 386 in 2001. Onder “*Inkomstebelasting*” in nota 10 op dieselfde bladsy word vermeld dat geen voorsiening vir inkomstebelasting gemaak word nie omdat “*die beslote korporasie 'n berekende aangeslane verlies het van R108 305*”.
- (v) Dit blyk verder dat die appellant nie noodwendig ekstra

personeel gedurende 2002 aangestel het nie. Die salarisse en lone as uitgawe vir dié jaar was R2 285 657 teenoor R2 322 619 vir 2001. Netso was die uitgawe vir “*wasgoed en linne*” in 2002 R162 914 teenoor R172 718 vir 2001.

(vi) Die voormelde syfers toon aan dat die appellant ‘n inkomsteverlies gely het en daarvoor vergoed is deur Naschem.

(vii) In parr 2.4 en 2.5 van die brief van 30 September

2003 word die volgende gestel:

“2.4 Uit hoofde van die skikkingsooreenkoms het W J

Fourie afstand gedoen van sy reg om

skadevergoeding te verhaal. Hierdie reg

vorm deel van WJ Fourie se inkomste-

produserende bates;

2.5 Die bedrag wat hy ontvang het as teenprestasie vir hierdie afstanddoening, is dus ‘n ontvangs van ‘n nie-belasbare, kapitale aard”.

(viii) Mnr. Stevens sê hierdie stellings is geforseerd. Die

appellant het wel ‘n reg op skadevergoeding gehad

wat hy inderdaad uitgeoefen het toe kontrakbreuk

gepleeg is deur Naschem. Daar is geen aanduiding

dat die appellant van enige “reg” afstand gedoen het

nie; intendeel, hy het juis sy regte uitgeoefen. Dit is

uiters geforseerd om te redeneer dat indien ‘n mens

jou reg op remedies tot jou beskikking uitoefen, jy van

‘n “*kapitale bate*” afstand doen.

DIE TOEPASLIKE REGSBEGINSELS

(a) Appellant se regs-submissies

[16] Met verwysing na die toepaslike regsbeginsels sê Mnr. Lewis dat daar geen vaste riglyne bestaan om te bepaal of bovermelde bedrag van 'n nie-belasbare, kapitale aard, is al dan nie. Elke saak moet op sy eie feite beoordeel word.

- KBI v TRANSVAALSE SUIKERKORPORASIE BEPERK

1985 (2) SA 666(T); 47 SATC 34. Die ware aard van elke transaksie moet ondersoek word om te bepaal of die ontvangs daaraan verbonde, 'n kapitale- of inkomste ontvangs is, al dan nie. - **CIR v ILLOVO SUGAR**

ESTATES LIMITED 1951(1) SA 306 (N); 17 SATC 378 op 392.

(b) Respondent se regs-submissies

[17] Wat die regsargument van Mnr. Stevens betref, sê hy die vertrekpunt by die beantwoording van die aard van 'n ontvangste of toevalling is die omskrywing van die woord

“bruto inkomste” in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet, No 58 van 1962, die tersaaklike gedeelte wat soos volg lui:

“(B)ruto inkomste, met betrekking tot ‘n jaar of tydperk van aanslag en in die geval van enige persoon (beteken) die totale bedrag, hetsy in kontant of andersins, ontvang deur of toegeval *aan of ten gunste van so ‘n persoon gedurende bedoelde jaar of tydperk van aanslag uit ‘n bron in die Republiek..., met uitsluiting van ontvangste of toevallings van ‘n kapitale aard...*”

[18] Dit is gemene saak dat die bedrag van R1 292 760 deur die appellant ontvang is gedurende die 2002 – belastingjaar. Die enigste oorblywende geskilpunt is of dit van *“n kapitale aard”* was ooreenkomstig die betekenis van dié uitdrukking in die omskrywing van *“bruto inkomste”* hierbo verwys na, al dan nie.”

[19] Mnr. Stevens wys daarop dat die uitdrukking *“van kapitale aard”* nie in die Wet omskryf word nie en het dus nie ‘n universele betekenis wat in alle sake toegepas kan word nie. Wat seker is, is dat alle ontvangste of toevallings in een van twee kategorieë ressorteer: inkomste of kapitaal.

Die vraag in welke van hierdie twee kategorieë 'n ontvangste of toevalling tuishoort, moet beantwoord word na aanleiding van 'n noukeurige ondersoek van al die feite van 'n saak.

[20] Die aard van vergoeding vir kontrakbreuk het aanleiding gegee tot 'n reeks beslissings in Suid-Afrika en oorsee waaruit riglyne getrek kan word.

[21] Die leidende Engelse saak in dié verband is dié van **BURMAH STEAM SHIP CO LTD v IRC** (1930) 15 TC 67, 1931 SC 156. In hierdie saak het herstellers wat 'n skip van die appellant se vloot moes herstel, veel langer geneem om die herstelwerk te doen as wat die partye ooreengekom het. Die herstellers moes skadevergoeding betaal en die vraag voor die hof was na die aard van hierdie vergoeding in die appellant se hande. Die hof het beslis dat dit belasbare inkomste verteenwoordig het. Die volgende woorde van Lord Clyde het intussen klassieke status bereik en is ook in die Suid-Afrikaanse belastingreg

as riglyn gevolg (1930) 16 TC te ble. 71-72):

“Suppose someone who chartered one of the Appellant’s vessels breached the charter and exposed himself *to a claim of damages at the Appellant’s instance, there could, I imagine, be no doubt that the damages recovered would properly enter the Appellant’s profit and loss account for the year. The reason would be that the breach of the charter was an injury inflicted on the Appellant’s trading, making (so to speak) a hole in the Appellant’s profits, and the damages recovered could not therefore be reasonably or appropriately put by the Appellant – in accordance with the principles of sound commercial accounting – to any other purpose than to fill that hole.*

- [22] In **BOURKE’S ESTATE vs CIR** 1991(1) SA 661 (A) het die Appèlhof ‘n stap verder as die Hof in **BURMAH STEAM SHIP CO** gegaan en die volgende by die “*vakuum – toets*” gevoeg (met goedkeuring aangehaal uit **BROOMBERG: TAX STRATEGY**, 2e uitgawe (1983) te ble. 199-200):

“It is necessary, in addition, to ascertain the true nature of that asset in the recipient’s hands. More particularly, was the asset, prior to

its destruction of damage, an asset of a capital nature or was it floating capital? If it was floating capital, such as trading stock, standing crops, or consumable stores (like petrol, oil and so forth) the compensation will, obviously, be of a revenue nature, and will be subject to tax. *In short, it is only where the payment received is to fill a hole in the capital assets of the taxpayer that the payment will escape the tax net* (onderstreping aangebring).

TOEPASSING VAN REGSBEGINSELS

- [23] Die appellant beklemtoon klousule 2 van die skikkingsooreenkoms. Hy sê dat uit hoofde van hierdie klousule hy afstand gedoen het van sy reg op skadevergoeding. Hierdie reg sê appellant vorm deel van sy inkomste produserende bate. Met verwysing na **TAEUBER AND CORSEN (PTY) LTD V SECRETARY FOR INLAND REVENUE** 37 SATC 129 sê appellant dat die bedrag wat hy as teenprestasie vir sy afstanddoening ontvang het dus 'n ontvangs van 'n nie-belasbare kapitaal aard was. Met inkomstebelastingsake is dit gevaarlik om

weg te beweeg van die feite (**CIR v GEORGE FOREST
TIMBER CO LTD** 1924 AD 516 op 523. Soos Hoexter AR
dit stel in **BOURKE'S ESTATE v COMMISSIONER OF
INLAND REVENUE** 1991 (1) SA 661 (AD) op 675 B-C:

“Dicta wrested from a completely alien context are unhelpful
and may be misleading.”

[24] Die appellant plaas die klem op klousule 2, die afkoop van verdere litigasie. Dit strook met die feite in **CIR v HERSOV** 1952(1) 485 (AD), naamlik dat Hersov die bedrag ontvang het ten opsigte van 'n kapitale bate, naamlik deur afstand te doen van sy reg op 'n permanente direkteurspos (te 494 F – 495 A). In die **TAEUBER AND CORSEN**-saak (hierbo) is betaal vir 'n handelsbeperking. Dit was beskou as kapitaal van aard.

[25] Mnr. Stevens sê dat die feite in die **TAEUBER**-saak verskil van die onderhawige saak. Hy sê dat die relevante sake hier is eerstens saak **ITC 723**: 17 SATC 496 (1951), 'n

saak van Waarnemende Regter Pollak waar hy ondermeer die volgende sê:

“It seems clear that an amount received such as the present, by way of damages or by way of settlement of an action for damages, is income and not capital, if the transaction out of which the claim for damages arose is a transaction which, had it been completed, would have resulted in an income and not in a capital gain or loss as the case might be” (onderstreping aangebring).

- [26] Mnr. Stevens verwys ook na saak **ITC 1279**; 40 SATC 254 op 258 waar Coetzee R die volgende met goedkeuring aanhaal uit **IRC v FLEMMING & CO (MACHINERY) LTD (1951) 33 TC 57 te 63:**

“The sum received by a commercial firm as compensation for the loss sustained by the cancellation of a trading contract or the premature termination of an agency agreement may in the recipient’s hands be regarded either as a capital receipt or as a trading receipt forming part of the trading profit. It may be difficult to formulate a general principle by reference to which in all cases the correct

decision will be arrived at since in each case the question comes to be one of circumstance and degree. When the rights and advantages surrendered on cancellation are such as to destroy or materially to cripple the whole structure of the recipient's profit-making apparatus, involving the serious dislocation of the normal commercial organization and resulting perhaps in the cutting down of the staff previously required, the recipient of the compensation may properly affirm that the compensation represents the price paid for the loss or sterilization of a capital asset and is therefore a capital and not a revenue receipt. Illustrations of such cases are to be found in Van den Bergh Ltd 19 TC 390, (1935) AC 431, and Barr, Crombie & Co Ltd 26 TC 406, 1945 SC 271. On the other hand when the benefit surrendered on calculation does not represent the loss of an enduring asset in circumstances such as those above mentioned – where for example the structure of the recipient's business is so fashioned as to absorb the shock as one of the normal incidents to be looked for and where it appears that the compensation received is no more than a surrogatum for the future profits surrendered – the compensation received is in use to be treated as a revenue receipt and not a capital receipt” (onderstreping aangebring).

GEVOLGTREKKING

[27] Die betaling wat gemaak was in die woorde hierbo aangehaal deur Regter Coetzee was “a surrogatum for the future profits surrendered”. Sodanige betaling moet as een van ‘n inkomste aard beskou word. Indien die kontrak tot ‘n einde geloop het sou die inkomste wat verkry word sonder enige twyfel van ‘n inkomste aard wees. Wat die appellant hier gedoen het was om ‘n mindere bedrag te aanvaar as ‘n surrogaat vir die inkomste wat hy sou verdien het. Die poging om dit in te klee as die afkoop van ‘n reg word nie gestaaf deur die finansiele state van die appellant nie. Klousule 2 is ‘n standaard klousule as partye ‘n geding tussen hulle skik. Of die geding hangende is of nog nie ingestel is, maak nie saak nie. So sal hulle seker maak dat dit die einde van litigasie beteken. Dit is om ‘n tipe *res judicata* situasie te bewerkstellig. Die appellant het eenvoudig besluit hy moet so gou as moontlik inkomste inkry ten einde met sy besigheid te kan voortgaan. Hy was bereid om ‘n mindere inkomste te neem as wat hy moontlik by wyse van litigasie sou kry. Hier was ‘n vooruitbetaling

van inkomste. Dit is 'n skikking van 'n moontlike aksie vir skadevergoeding en het ontstaan as gevolg van 'n transaksie wat as dit voltooi sou gewees het inkomste sou opgelewer het. In hierdie saak is ook geen beperking geplaas op die handelsvryheid van die appellant nie. Sy hoofaktiwiteit as hotelier kon onbelemmerd voortgaan. Dus was hierdie bedrag van 'n inkomste aard en staan dit vas dat die respondent se aanslag korrek was.

[28] Beide partye het gesê dat hulle nie vir 'n kostebevel vra nie.

[29] Die volgende bevel word dus gemaak:

Die appèl word afgewys.

A. KRUGER, R

ASSESSOR: MNR. A. KOCH

ASSESSOR: MNR D. SMIT

/em